Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 18, Nr 2, 1988. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# MAAR NET 'N SOLDAAT (1)

**This Biography on the war experiences of the late Mr. C.J.H. Griesel has been compiled by his daughter Mrs P.J. Kleinhans and will be published in four parts.**

**It covers the period 1899–1902 and deals with his personal experiences during the Second War of Independence.**

**Die biografie oor mnr C.J.H. Griesel, alom bekend as oom Kassie, is saamgestel deur sy dogter mev P.J. Kleynhans, beter bekend as tannie Nellie Kleynhans, wat tans op Bothaville woon. Die wedervarings van die Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902) word weergegee soos wat haar vader dit aan haar meegedeel het.**



***Die Boerekryger C.J.H. Griesel***

In die begin van die vyftiger jare het my ouers op Bothaville kom woon. In Mei 1955, is my moeder oorlede en toe het my ou vader 'n vaste gewoonte daarvan gemaak om elke oggend by my te kom tee drink. Klokslag net na die oggendgodsdiens oor die radio, kon ek maar kyk om sy geboë figuur, geleun op 'n kierie, by die hekkie te sien inkom.

Die geselskap by hierdie geleenthede het hoofsaaklik oor die verlede gegaan en wanneer ek dan die opflikkering in sy dowwe oë sien, het ek bewus geraak van die feit dat binne afsienbare tyd die laaste van sy geslag uitgesterf sal wees en saam met hulle menige verhaal van Vaderlandstrou en uiterste opoffering, waarvan die nageslagte nooit sal hoor nie.

Hoewel my vader toe reeds tagtig jaar was, het hy nog lewendig belanggestel in die gebeure van ons tyd en gereeld sy Volksblad gelees, maar daar was niks wat so gou 'n vonkeling in sy oë gebring het as wanneer daar oor die Tweede Vryheidsoorlog gesels word nie. Dan was daar 'n onmiddellike oplewing van sy gees. Lewendig kon hy met die hande beduie en was dit duidelik dat hy volkome teruggeleef het in dae van lank gelede; die dae toe hy saam met sy tydgenote die wapen vir die Vaderland opgeneem het.

Ek het toe besluit om sy herinneringe neer te skryf en doen graag 'n beroep op almal wat nog 'n vader het, of iemand ken wat die titaniese stryd deurgemaak het, om sonder versuim alle gegewens neer te skryf. Ons weet te min van die oudstryders se persoonlike ontbering en opofferings en die tyd is al baie kort; eersdaags sal dit 'n uitgestorwe geslag wees.

Op hul oudag het baie van die dapper helde stil geraak en uitgedien gevoel. Die dae toe hulle goed en bloed veil gehad het vir Volk en Vaderland het vergete geraak. Hulle is oorspoel deur die magtige stroom van 'n nuwe era. Baie van hulle is al begrawe en saam met hulle kosbare verhale wat nou onherroeplik verlore is.

Alhoewel my vader se geheue nog baie goed was, het hy soms die gebeurtenisse nie in kronologiese volgorde vertel nie en hy het ook hier en daar 'n naam en datum vergeet. My enigste moeilikheid was dat hy in sy beskeidenheid liewer van sy mede-burgers wou vertel as van homself.



Ek was in besit van 'n aantekeningboekie wat my vader in sy sak gehad het, toe hy byna noodlottig verwond is deur 'n Swartman. (Die boekie het ek later aan die oorlogsmuseum in Bloemfontein geskenk.) Graag haal ek een en ander aan daaruit.

Na meer as 'n halwe eeu was die potloodskrif al baie onduidelik en op baie plekke het die bloedvlekke dit onleesbaar gemaak. Wat egter nog duidelik was, was die naamlyste van die burgers wat onder hom gedien het, eers as korporaal en later as assistent-veldkornet. Dié burgers was hoofsaaklik van die Heilbron Kommando en hier volg die eerste lys van name:

***Dr H.J. Orford as mediese offisier in die Unieverdedigingsmag***



***Op hierdie foto wat gedurende 1902 in die militêre hospitaal op Kroonstad geneem is, verskyn enkele van die gewonde Boerekrygers wat saam met Griesel daar was. Heel regs (met krukke) sit die jong N.C. (Klaas) Havenga, later Minister van Finansies. Aan sy regterhand sit Barend Cilliers (met withemp), 'n toekomstige senator en die jongeling op sy skoot is ene Kirchner. Langs hulle (links met hoed) sit ene Crafford en die staande man is ene Van Vuuren. Hulle is ook deur dr H.J. Orford behandel***

**"Namen van die burgers van corporaal C. Griesel."**

| | | | |
|---|---|---|---|
| C. Uys | H. Labuschagne | J. Roodt | D. Roodt |
| W. Uys | A. Meyer | L. Erasmus | C. Engelbrecht |
| C. Griesel (W. Zoon) | P. Erasmus | P. Labuschagne | H. Taljaard |
| C. Bester | C. v.d. Merwe | B. Erasmus | J. Cilliers |
| J. Labuschagne | B. v.d. Merwe | S. Blignaut | H. Engelbrecht |

Die tweede lys name is ingeskryf in Oktober 1901, met sy aanstelling as assistent-veldkornet, met die volgende aantekening daarby:

**"Zwakfontein, Oct 9 1901. Gedien as corporaal van die 23ste Dec. tot 9 Oct". Dan volg die name:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| J. Taljaard | J. Venter | J. Combrinck | W. v.d. Merwe |
| H. Taljaard | D. Rood | J. Hennop | C. Cilliers |
| C. Erasmus | C. Blignaut | A. Venter | A. Smit |
| L. Venter | W. Smith | B. Erasmus | J. Roodt |
| C. Bester | N. Els | C. Els (M. Zoon) | C. Els |
| M. Els | P. Grobler | P. Grobler (D.Z.) | P. Scheepers |
| G. Scheepers | D. Fourie | B. v.d. Merwe | G. Herbst |
| H. v. Staden | J. v. Deventer | M. Uys | W. Roelofse |
| A. v. Coller | H. Nagel | M. Els (P.Z-) | C. Crotz |
| D. Cilliers | C. Roelofse | J. Posthumus | C. Griesel (W.Z.) |
| B. v.d. Merwe | W. Uys | A. Meyer | C. v.d. Merwe |
| H. Roelofse | L. Erasmus | N. Viljoen | P. Steyn |
| J. Viljoen | H. Labuschagne | C. Engelbrecht | J. Labuschagne |
| C. Venter | C. v. Vuuren | J. Engelbrecht | L. v. Vuuren |
| C. Uys | P. Labuschagne | S. Griesel | J. v.d. Merwe |
| A. du Toit | D. Bester | M. Combrinck | P. Erasmus |
| P. Smit | J. Erasmus | F. Hennop | S. Scheepers |
| H. Engelbrecht | | | |

'n Paar jaar na die oorlog het my vader weggetrek uit Heilbron en in die Kroonstadse distrik gaan woon. Hy het toe uit voeling geraak met meeste van die ou oorlogsmakkers en met verloop van tyd is baie van hulle oorlede. Maar in die vyftiger jare het ek enkele besonderhede en 'n portret van my vader aan "Renier" van die Volksblad gestuur. Hy het dit goedgunstiglik geplaas met die gelukkige gevolg dat my vader weer kontak gemaak het met Nicolaas Viljoen, een van die manne wat by was toe hy geskiet is en met Nicolaas de Kock, die seuntjie oor wie hy so bekommerd was in die militêre hospitaal op Kroonstad.

Meneer De Kock het na hy die beriggie in die Volksblad gesien het, van Hoopstad af gekom om my vader te besoek en dit was my voorreg gewees om teenwoordig te wees toe hulle mekaar na meer as vyftig jaar weer sien. Dit was roerend en iets wat my opgeval het na hulle ontmoeting, was die stiltes wat ingetree het. Dan het hulle net na mekaar gekyk en kon ek raai dat die gedagtes in daardie oomblikke verplaas was na verre dae van lyding en ontwrigting. Dit was 'n blye ontmoeting maar ook die vaarwel; hulle het mekaar nie weer gesien nie.

Uit dieselfde boekie was dit duidelik dat ons Boere noukeurig boekgehou het van wat hulle noodwendig moes neem om in die behoefte van die burgers te voorsien. Ek gee hier een van so 'n aantekening weer: "Zwakfontein, 14 Augustus 1901. Vyf en vyftig schapen zyn genomen van den heer A. Wessels. Twaalf van D. v.d. Merwe en een-en-vyftig bokken van die kleurling Booi."

Die volgende is aangeteken in verband met my vader se eerste vrou en dogtertjie wat hy gedurende die oorlog verloor het: "S.C. Griesel, geb 8 September 1880. Overleden 1 September 1901. Grafnommer in Konsentrasiekampkerkhof 126 (vrou). A.C. Griesel (dogtertjie) geb 2 Julie 1900. Overleden 23 October 1901. Grafnommer in dorpskerkhof 27." Hierdie grafte is te vinde in Kroonstadse kerkhowe. Daar was ook 'n seuntjie, Johan Dawid, maar dié is kort voor die uitbreek van die oorlog oorlede. (10 Maart 1899–22 April 1899.)

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 18, Nr 2, 1988. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

**Agter in die sakboekie is die volgende verse in dowwe potloodskrif en lui as volg:**

"Houdt moed, houdt moed my broeders
In ons geliefde land
Wy wachten op verlossing
Verlossing door Gods Hand.

Houdt moed, houdt moet my broeders
Al gloeit het oorlogsvuur
Nog slechts een korte wyle
Dan slaat het reddingsuur

Houdt moed, houdt moed my broeders
De dag is niet meer ver
De nacht, de nacht hoe langer
Dan ryst het morgenster.

Houdt moed, houdt moed my susters
In ons geliefde land
Wy voelen diep u lyden
Wy aan dat verre strand.

Houdt moed, houdt moed myn susters
Uw kommer en verdriet
Uwe tranen en uw zuchten
Ken Hy die alles ziet.

Houdt moed, houdt moed myn susters
Voor't laats, houdt moed, houdt moed
De vryheidskroon het einde
Al eischt zy goed en bloed

**(Die tweede aantekening is gedruk op 'n bladsy van die "Byvoegsel tot de Staatscourant Zaterdag 21 December 1901" met die volgende opskrif:**

**Die "Hands-upper"**
**(Die aan de Britsche Zyde vegcht)**

Het volgende gedicht, dat uit de prisonierskamp te Bloemfontein gebracht werd door een burger, die naar onze kommandos ontsnapte, en die ons door de Sec. van Hoofd-Kommandant De Wet ter publicatie gezonden wordt, toont ons ten duidelykste hoe of onze krygsgevangenen gezind zyn tegenover den verraderlyke "Hands-uppers".

"Verrader! Monster! Vloek der aarde,
Vernederd schepsel der natuur!
Gods wraak die u tot heden spaarde
Verdelg u eens door't helsche vuur.

Maar neen, Hy doe u slechts beseffen
Hoe verachtelyk u daden zyn.
Geen bliksem-vuur kan sneller treffen
Geen donder meer verschriklyk zyn.
Dan zal uw ziel zich krimpen, wringen;
Gevoelen wat haar waarde is;
En in de felle folteringen,
gevoelen wat de Godheid is.

De jongste dag, die ooit sal dagen,
Lees dan nog op uw akelig graf:
"Hier ligt den vloek van vriend en magen
Die't Vaderland den doodsteek gaf."

Vir wat nou verder volg laat ek my vader self aan die woord:

## Hoofstuk 1

Graag vertel ek eers van Jameson se inval in 1895, want alles in ag geneem, het dit tog ook 'n goeie doel gedien. Dit het baie onverwags gekom en toe die tyding ons bereik, was dit soos 'n skoot wat jy tussen 'n klomp rustige bokke aftrek. Niemand was voorbereid vir so iets nie en alles moes in der haas gedoen word.

Ek was toe amper negentien jaar oud en het intens belang gestel in die Jameson-inval. My ouderdom, so het ek gereken, was reg en ek sou sekerlik gaan. Maar hoe groot was my teleurstelling toe hulle begin kommandeer en ek word oorgeslaan. Ek het dit probeer aanvaar want soos alom bekend was, het ek wees groot geword en was gewoond om my aan alles te onderwerp. Ek het gevoel dat ek hiérdie keer iets gaan probeer en het besluit om te gaan mooipraat by die man by wie ek gebly het. Ek sou dat hy my saam met hom moes neem. Ek het geen antwoord gekry nie en my innerlike was die ene spanning en wroeging. Toe hoor ek ook nog dat daar alreeds vrywilligers weg is Transvaal toe, onder andere ons buurman, oom Hans Loggenberg van Witkoppies.

Maar my vrese was verniet. Net die volgende dag het hy my geroep en gesê dat hy verlof gekry het om my in sy plek te stuur. Dit was vir my die beste tyding wat ek tot sover in my lewe ontvang het. Dit was vir my 'n groot dag toe hy sy Martini Henry met koeëls en al aan my oor-

handig; dit het gevoel of ek nou vir die eerste keer in my lewe sou voel hoe dit is om regtig menswaardig te wees. Ek is dadelik weg om aan te sluit by die kommando van kommandant Steenkamp en veldkornet Martinus (Lammetjie) Els. Hierdie offisiere was in bevel van die Heilbron-kommando en ons het sonder versuim vertrek na Wolwehoek, waar die onderskeie kommandos bymekaar moes kom.

Daar was 'n opgewondenheid onder die burgers en elkeen was oorgehaal vir wat ook al mag gebeur. Ons was gewapen met Martini Henry's, Giddies en hier en daar 'n Mauser, want 'n Mauser was destyds 'n duur en skaars geweer.

Toe ons by Wolwehoek aankom, was majoor Albrecht reeds daar met die grofgeskut van Krupp-kanonne en Pom-poms en dit het almal haastig en slaggereed laat voel, maar, soos dit gebeur het, het die tyding ons nog daar op Wolwehoek bereik dat Jameson gevang is. Baie van die burgers was openlik teleurgesteld omdat hulle nie in aksie kon kom nie. Van my wil ek nie eers praat nie. Vandat ek by die huis weg is tot nou toe was maar net 'n kort wyle en alles was weer tot niet.



***Kapt R.F.W. Albrecht, bevelvoerder van die ZAR Artillerie***

Voordat ons uitmekaar is, het majoor Albrecht 'n vertoning met sy kanonne gegee wat waarlik aanskoulik was en omdat dit die eerste militêre vertoning was wat ek gesien het, het dit 'n onuitwisbare indruk op my gemaak. Voor elke kanon was ses perde van eenderse kleur en die diere was mooi opgepas – vet en blink. Die opvallendste vir my was die puik afgerigtheid van die perde. Op volle vaart met 'n kanon kon hulle soos een vassteek om afgehaak te word en na die skoot gevuur was, was dit net vir aanhaak en wegspring, want daar was geen spokery of deurmekaar trappery nie.

Majoor Albrecht het my voorgekom as 'n baie streng man, maar ook 'n man wat lief was vir sy perde – iets wat my dadelik na hom aangetrokke laat voel het. Tydens ons verblyf van 'n paar dae daar, het een van die artilleriste na 'n perd geskop en dit was teen die beginsel van die majoor. Die vriend moes toe vir twee dae wydsbeen oor 'n kanon sit en as mens dink dat dit in volle sig van die laer was, was dit inderdaad 'n swaar straf.

Na die vertoning met die grofgeskut het die burgers ook sarsies geskiet en ek meen dat al hierdie bedrywighede daartoe bygedra het om die burgers se selfvertroue te sterk; hulle het militêr bewus geraak. Met hierdie saamtrek het die kommando-gees lewendig opgevlam en die wapenvertoon het 'n stewige agtergrond gevorm.

Gereken teen die teenswoordige tyd se wapens en manier van oorlogvoering moet dit alles maar bra primitief lyk, maar mens moet die dinge in hulle eie perspektief sien. Vir ons was die gebulder van die kanonne soos 'n bron van sterkte; iets waaragter ons met vertroue kon voortbeweeg.

Na afloop van die vertoning het die kommandant die burgers bedank en ons kon maar huis toe gaan, maar met die opdrag om gereed te wees met perd, saal en toom, geweer en sestig patrone. Die betekenis van hierdie opdrag het 'n groot indruk op my gemaak. Die pas afgelope saamtrek was dus maar die voorspel tot ander moeilikhede. Ons het huis toe gegaan, maar die rustigheid waarmee die daaglikse bedrywighede gewoonlik voortgesit is, was daarmee heen; 'n gees van onrus het bly heers en gerugte van moeilikheid het gedurig die ronde gedoen.

Nuus was destyds hoofsaaklik mondelings versprei en dit het soms lank geneem voordat ons van 'n gebeure te hore gekom het en dan was dit ook nie altyd honderd persent korrek nie. Die ou menslike neiging om 'n sakie na smaak te kleur, is seker maar so oud soos die berge. Die een

berig kon die gevoelens hoog laat loop, om dan weer gedemp te word deur 'n ander. Maar hoe dit ook al sy, van één ding was ons seker: Moeilikheid was aan die broei. Dit is snaaks hoe so 'n gevoel van onsekerheid alles kan ontwrig. Almal het gewerk, maar niemand se aandag was by sy werk nie; dit was of mens met niks kon vorder nie omdat jy vir iets wag.

Oom Willem Kilian het toe intekenaar geword van "Die Express" en namate die spanning toegeneem het, het sy huis alhoemeer die bron van informasie geword. Elke dag kon daar een of meer karre gesien word wat heen en terug ry van oom Willem se huis af. Die oom het dan ook gesorg dat niemand teleurgestel word nie. Op die dag wat die "Express" verwag word, het hy spesiaal iemand gestuur na Vredefortweg om dit te gaan haal.

Gedurende hierdie tyd is ek getroud met mej Sarie Roodt en ons het die nuwe lewe aangepak met donker wolke oor ons. Soos almal toe gevoel het, het ek ook gehuiwer om iets aan te pak. 'n Mens was nie seker of jy enigiets voltooi gaan kry nie en die gedagte om enige onderneming halfpad te laat vaar, het niemand aangestaan nie.

Besigheid het al hoe stiller geword en gemoedere het hoog geloop. Op 'n aand in Oktober 1899 het 'n smous by my kom slaapplek vra. Die man het uit Transvaal gekom met tabak, droë vrugte en so meer wat hy verruil het vir skape en bokke. (Ek wil net hier byvoeg dat slagskape destyds vir tien sjielings stuk gekoop kon word en ou ooie is verkoop teen 'n halfkroon tot vyf sjielings.)

In elk geval, ek het die man herberg gegee en die aand na ete het ons na buite gestap. Ek het opgemerk dat hy die sterre baie aandagtig beskou, maar nie verder aandag daaraan gegee nie. Toe ons terugkom in die huis, het hy egter ontsteld gelyk en gesê: "Ou vriend, ons kan iets vreesliks te wagte wees; ek sien dit aan die sterre. En dit gaan binnekort gebeur. Ek moet dadelik maak dat ek by my huis kom." Nou ja, of die man werklik iets gesien het en of dit maar 'n voorgevoel was, weet ek nie, maar toe ons die derde dag daarna opgeroep is, het ek tog aan hom gedink en gewonder of hy sy huis ooit sal haal.

Hoewel ons teen hierdie tyd al seker was dat oorlog onafwendbaar was, was dit nogtans 'n skok toe dit werklikheid word. Ek was getroud met 'n vrou en het 'n kindjie gehad wie ek nou moes agterlaat. Daardie Oktober was 'n droë en treurige maand vir ons. My ooie was aan die lam en dit het maar sleg gegaan. Die enigste weiding wat oor was, was aan die oewers van Renosterrivier wat omtrent so drie myl van my huis af was en ek was juis die middag besig om die maer diere van die rivier af aan te keer huis toe, toe ek 'n ruiter gewaar wat aangejaag kom. Dit was my swaer, Jan Taljaard, en hy was besig om die burgers te kommandeer. Van hom het ek verneem dat ons oor 'n paar dae by Elandslaagte, sowat twee uur te perd van ons, bymekaar moes kom met perd, saal en toom, sestig patrone en mondprovisie vir agt dae.

Jan was baie haastig en het alreeds 'n paar perde gekommandeer om betyds klaar te kry. Na hy weg is, het ek behoorlik verslae gevoel. In die vier jaar wat verloop het vanaf Jameson se inval, het my lewe baie verander. Op een-en-twintigjarige ouderdom het ek my erfenis ontvang; ek was getroud en het ook genoeg van landsake af geweet om die erns van die toestand te besef. Ek het my plig geken en sou nooit terugstaan nie, maar op daardie oomblik het alles tog vir my so tevergeefs gelyk. Nadat ek van kindsbeen af moes rondswerf en swaarkry en ek so pas op my eie grond begin boer het, moes ek die nuwe lewensvreugde so gou weer prysgee.

Maar plig was plig. Ek het die skape net so laat staan en aangestap huis toe, terwyl honderd en een gedagtes deur my kop geflits het. Engeland was 'n magtige vyand en ek het my bedenkinge gehad oor die ongelyke stryd. Maar daar was nie veel tyd oor om oor die dinge te peins nie. Volk en Vaderland het geroep en ek moes gaan.

Dit was 'n haastige klaarmakery. Daar moes geslag, beskuit gebak en allerhande voorbereidsels getref word. My vee het ek alles oorgebring na Richmond, die plaas van my skoonvader en toe ons tuis alles afgehandel het, het ek ook my vrou en kindjie na haar ouers geneem.

Richmond was dan ook die plek waar die burgers bymekaar sou kom om saam te trek na Elandslaagte. Elke groep van agt burgers het gesamentlik 'n wa en osse verskaf om ons beddegoed en ander voorrade te vervoer. Van die groep waaronder ek geval het, kan ek die name onthou van oom Paul Roodt, Cornelis Roodt en Piet van Wyk.

Nog iets wat my hoofbrekens besorg het, was toe ek voor die keuse van 'n ryperd te staan

gekom het. Ek het soos ek reeds gesê het, wees groot geword en omdat ek nie gelukkig was nie, het ek baie geheg geraak aan enigiets wat werklik aan my behoort het. Op twaalfjarige ouderdom het ek die groot geluk gehad om die besitter te word van 'n blou merrietjie en my hele lewe het om haar gedraai.

Toe sy later nog 'n vulletjie kry was ek sommer 'n baie gelukkige kêrel. Maar op 'n dag het die noodlot weer ingegryp en toe ek sien, lê die blou merrie dood en die vulletjie staan by haar en runnik. Dit was vir my kinderhart te veel; ek het in my droefheid op die grond neergesak en die trane het gestroom. Elke keer as die vulletjie runnik het die hartseer my opnuut oorweldig.

'n Oom van my het stilletjies nadergekom en moes my snikke gehoor het, want ek het gereken ek is alleen en het voluit gehuil. Toe hy agter my praat, het ek my byna doodgeskrik, want ek was bang vir hom. Maar, daar vra hy maar net waarom ek so huil. Toe het die trane my so oorval dat ek met die grootste gesukkel net dit kon uitkry. "Oom, kyk daar, my perd is dood en kyk die arme ou vulletjie!" "Toe maar man," het hy met sy growwe stem gesê, "Jy kan Flan se vul vir jou vat". En toe die bevel: "Jy moet dadelik ophou met huil."

Laat staan nou maar die moeite waarmee ek die hartseer onderdruk het. Ek het Flan se vul gekry en dis hoe ek aan my ryperd Prins gekom het en dis die rede waarom ek so jammer vir hom was. Ek het besluit dat Prins by die huis sou bly en ek het een van die swart karperde met die naam van Grogh, as ryperd geneem. Ek het toe nie kon droom dat ek Prins later wel sou kom haal nie en ook nie dat ek as volwassene nog 'n keer die trane vrylik sou stort oor 'n troue perd nie.

Intussen het dit al woelig geword op Richmond. Die burgers het vinnig begin aankom. Met die kommandeerdery is oom Krisjan, die latere generaal De Wet, wat nie ver van ons af gewoon het nie, oorgeslaan, maar hy het saam met sy seun Kootjie betyds opgedaag.

Na 'n roerende afskeid, het ons die oggend baie vroeg vanaf Richmond vertrek, want ons moes om nege-uur op Elandslaagte wees. Ons het agt osse voor elke wa ingespan en twee naturelle om na die osse om te sien. Die twee by ons wa was getroue skepsels. Hulle het ook die trek na Natal meegemaak, baie gevare getrotseer en toe ons later uit Natal teruggetrek het, het hulle die wa met dieselfde agt osse weer op die werf kom uitspan.

Sover my bekend was daar in ons omtrek net een burger wat probeer lyf wegsteek het. Ek glo nie daar het iets anders agter sy onwilligheid geskuil het as net – hy was bang. By die bymekaarkomplek het hy toe ook probeer om los te kom deur voor te gee dat hy siek was, maar dit het hom niks gebaat nie. Met sy eerste verlof huis toe, het hy een van sy vingers afgeskiet in 'n poging om aan die gevare te ontkom. Dit het weer niks gebaat nie. Toe die vinger gesond was, is hy weer aangekeer.

## Hoofstuk 2

By Elandslaagte het ons die Vegkopkommando gekry en saam het ons sommer 'n groot laer uitgemaak. So onder die gewoel en gewerskaf het ek die verskillende stemminge onder die burgers waargeneem. Daar was die staatmakermanne wat vasberade op die pad van plig was, maar nog openlik hartseer oor dié wat agtergelaat was, want in baie gevalle moes siekes net so gelaat word. Ander het min gepraat; hulle gedagtes vir hulself gehou en besig gebly met laaste voorbereidsels.

Grootpraters was daar ook, maar ek wil dit sê, hulle teenwoordigheid was nie onwelkom nie, want hulle sêgoed het nou en dan 'n gelag uitgelok in die andersins gelaaide atmosfeer. Dan was daar ook die klomp jong burgers wat die hele aangeleentheid as 'n groot avontuur beskou het.

Ek kan nou nog nie my lag hou as ek dink aan Krisjan Bester nie. 'n Rukkie nadat ons by Elandslaagte aangekom het, het hy sy Mauser gevat en dit voor veldkornet Els gehou met die aankondiging dat hy elke dag sy vyf-en-twintig rooies met die geweer sou inryg. Ek moet sê dat Speelman, dit was sy bynaam, 'n baie goeie skut was. Wanneer daar 'n prysskiet gehou is, waar gewoonlik 'n bees of hamels uitgeskiet moes word, het hy gereeld met die prys weggestap. Maar hy kon natuurlik nooit ten tye van sy aankondiging dink dat hy binnekort met verkyker en al uit 'n boom sou val vir die onverwagte slag van 'n kanonskoot nie.

Na middagete het ons van Elandslaagte vertrek op pad na die Drakensberge. Ons was onder bevel van kommandant Steenkamp. Toe ons deur Heilbron trek was dit aandoenlik om die baie vroue en kinders langs die strate te sien. Hulle was hartseer en het vir ons gewaai totdat ons uit sig verdwyn het. Gelukkig was ons nog onbewus van die ellende wat daar vir hulle gewag het.

Met die trek na die Drakensberge was daar nie noemenswaardige gebeure nie, behalwe dat die latere generaal De Wet langs die pad siek geword het en deurentyd in die watent moes lê. Ek onthou dat hulle op Harrismith 'n dokter by hom gehad het en dat hy toe vinnig beter geword het.

Na 'n trek van agt dae, het ons die oggend toe dit lig word by Tintwapas aangekom. Die Vrystaters het toe 'n kommando by elke pas gehad. Ons het dadelik begin tente opslaan en regmaak en ons was knap daarmee klaar, toe kom die bevel dat daar in die nag seshonderd man by elke pas moes afgaan. Van die agt man van ons tent is ek alleen aangesê om te gaan. My swaer, Jan Roodt, was ook die enigste van hulle tent wat moes gaan en ons twee het toe bymekaar gebly. Oom Krisjan (genl De Wet) is toe aangestel as waarnemende kommandant oor seshonderd man.

Met dagbreek die volgende oggend was ons onder aan die voet van die berge en ons het dadelik 'n stofstreep waargeneem wat in die rigting van Ladysmith getrek het. Dit het later geblyk 'n patrollie vlugtende Engelse te wees, want ons het op 'n kampplek afgekom wat halsoorkop verlaat is. Die tafels van die offisiere was nog gedek en selfs die tee was al gemaak.

Dit was vir ons 'n aangename meevallertjie en omdat ons die dag daar moes oorbly, kon ons geniet van alles wat die verskrikte Engelse in hul haas agtergelaat het. Ons het geëet, gedrink en gelag, want dit het ons harte goed gedoen om te aanskou met hoeveel ontsag die Engelse ons bejeën het.

Dit is ook hier waar ons die eerste Leemetfords in die hande gekry het. Hierdie wapens wat ons bygekry het en die vlugtende Engelse, het ons tot groot dinge aangespoor.

Die volgende oggend het ons vertrek na Besterstasie, waar al die kommandos wat gedurende die vorige dae langs die berge afgekom het, bymekaar moes kom. Hier het die Engelse ook betyds gevlug en ons het sonder slag of stoot ons bestemming bereik.

Op Besterstasie het dit oorvloedig begin reën en dit was die swaarste weer wat ek ooit beleef het. Die blitse het krakend oor die geweerlope geklap en daar is dié nag vier burgers en ses perde deur die weerlig getref en gedood. Klein seiltjies is uitgedeel en ons het die oor twee geweerlope gespan vir skuiling, maar onder jou was dit net water.

Hierdie woeste, ongerieflike nag het die gedagtes onwillekeurig huiswaarts laat gaan. In hierdie omstandighede het die gedagte aan droë klere en 'n dak oor jou kop soos die uiterste weelde voorgekom. Ons het ook nog geen tyding van die huis af gehad nie en die burgers wat siekes agtergelaat het, was baie bekommerd. Maar baie tyd vir bekommer en verlang was daar nie.

Vroeg die volgende oggend is ons beveel om Swartbooiskop te bestorm. Dit was toe die eerste botsing met die vyand en daar was nie kans om eers iets te eet nie. Ons het net so op die nugtermaag gaan posisie inneem. Daar is toe vrywilligers gevra om 'n sekere punt te bestorm en in te neem. Ongeveer vyftien man het gegaan, maar hulle moes dit gewonne gee en terugvlug. 'n Paar van die manne het gesneuwel, onder andere 'n sekere Uys. Hy is later op Besterstasie begrawe. Die aanval moes later gestaak word en ons het teruggetrek. Die Engelse grofgeskut was vir ons een te veel, aangesien ons net met kleingewere gewapen was.

Die volgende bevel was om in die nag om Ladysmith te trek. Dit het nog aanhoudend gereën en omdat dit so 'n groot kommando was en die wêreld onbekend, het ons stadig beweeg. Daar is kort-kort halt geroep. Die stilsit in die saal was nie juis bevorderlik vir die burgers wat moes stry teen moegheid, honger en vaak nie. Dit moet onthou word dat ons toe nog nie gebrei was nie. Later in die oorlog sou ons so 'n trek met die grootste gemak afgelê het. Maar soos dit was, het die slaap my ook op een van die haltplekke oorweldig en voor ek wis wat aangaan, het ek in die koue water op die grond gelê.

My swaer, Jan Roodt, wat langs my gery het, het dadelik afkeurend gesê: "Ag nee, magtig man! Dit lyk darem te sleg om van jou perd af te val." Ek wou my eers vererg, maar ek het self groen gevoel oor die affêre en my mond gehou. Ons het egter nie veel verder gevorder nie voor ek so

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 18, Nr 2, 1988. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

gesit en kyk het hoe Jan beteuterd uit die modder opstaan en swygend weer op sy perd klim nie. Daarmee was die sakie tussen ons afgedaan.

Die volgende oggend vroeg was ons anderkant Ladysmith en by 'n koppie is halt geroep sodat ons eers kon kosmaak. Dit was 'n taak wat ons met mening aangepak het, maar ons was net mooi op stryk, toe daar onverwags skrapnelle oor ons begin bars. Dit het 'n deurmekaar spul afgegee, maar mens kon jou lag ook nie hou nie. Sommige van die burgers het die potjie warm pap net so van die vuur af gegryp en daarmee die klowe ingevlug. Ander het 'n saal of waterkannetjie gegryp, maar niemand is daar weg sonder iets in sy hande nie.



**Genl C.R. de Wet**

Kommandant de Wet was baie ergerlik oor die vlugtery. Hy het op die koppie bly staan en terwyl hy met sy geweer op die grond stamp geskree: "Moenie vir die vuilgoed vlug nie!" Persoonlik meen ek darem dat ons burgers doodnatuurlik gehandel het. Ons was gans onbewus van die vyand se nabyheid en op daardie oomblik het die behoefte aan voedsel voorrang geniet. Ons was nie in die minste gereed om die vyand op so 'n kort kennisgewing te lyf te gaan nie en ons was nog lank nie die gesoute burgers van later nie. Die skietery het egter nie lank aangehou, want 'n patrollie van ons wat op verkenning uit was, het die Engelse gewaar en hulle onder die koeëls gesteek. Daarop het die vyand sonder verwyl teruggevlug na die dorp.

Die gedenkwaardige koppie is daar en dan gedoop Brekviskoppie. Dit was immers op daardie tydstip ons dringendste behoefte en die steuring kon nie op 'n meer ongeleë tyd gekom het nie. Gou was die woede van die kommandant vergete en ons het heerlik gelag oor wat met elkeen gebeur het. Daar is toe voortgegaan met die trek totdat die beleëring van Ladysmith voltooi was.

Daar het gereeld van ons patrollies uitgegaan op verkenning en met een so 'n patrollie het ons eendag naby 'n woning verby gery en gehoor hoe iemand die liedjie "Oh, where is my wandering boy tonight" op die klavier speel. Ons het dadelik stil geword en elkeen se gedagtes was by ver verwyderde dierbares. Dit is snaaks hoe 'n geringe iets, soos byvoorbeeld die aanhoor van die bogenoemde liedjie, 'n mens kan wegvoer oor honderde myle en jou laat voel of die warmte van jou huislike lewe en die stemme van jou geliefdes by jou is.

Gelukkig dat gebeure mekaar afgewissel het. Met hierdie selfde patrollie het ek my eerste paling gesien. Ons het naby water afgesaal toe een van die burgers die blasende dierasie uit die water trek; 'n skone slang. Ek sou my nooit sover kon kry om van die ding te eet nie.

**VERWYSINGS**

1. J.H. Breytenbach, *Die Tweede Vryheidsoorlog*, Deel II, "Ontplooiing van die Boere-offensief Oktober 1899", Nasionale Pers Kaapstad, p 99. (Dit was 'n vooraf aangenome krygsplan dat die Vrystaatse kommando's deur die onderskeie passe van die Drakensberge teen Ladysmith sou aanruk.) Vergelyk ook pp 156–157 waar Breytenbach dit stel dat na die uitbreek van die oorlog die Vrystaters die onderskeie oorgange oor die Drakensberge as volg beset het nl:

   kommando Winburg : Van Reenenspas;
   kommando Kroonstad : Tintwapas;
   kommando Harrismith : De Beerspas;
   kommando Bethlehem : Olliviershoekpas;
   kommando Heilbron : Bezuidenhoutspas

2. *Ibid*, p127. Daar sou drie kommando's die aanval lei tw: a. 'n Kommando, 800 man sterk, saamgestel uit burgers van Heilbron en Bethlehem en gelei deur waarnemende kommandant C.R. de Wet en kommandant Hans Naudé, ens. (Dit kom ooreen met Griesel se vertelling dat die latere generaal De Wet op daardie tydstip aangestel is as waarnemende kommandant.)
3. *Ibid*, p 156 Vergelyk Griesel se vertelling dat die Engelse na Ladysmith gevlug het, kom ooreen met Breytenbach se bevinding dat waar daar skermutselinge plaasgevind het, die Engelse na bogenoemde dorp teruggeval het.
4. *Ibid*, p 156. Vergelyk Griesel se vertelling van die aanhoudende reën met Breytenbach wat dit as volg stel: "Van slaap is daar egter in die modder en die reën wat nog steeds ononderbroke neersypel, geen sprake nie; en die meeste sit maar, mistroostig soos uitgewaste vadoeke, op die een of ander klip die onbekende nuwe dag en inwag, nukkerig, ontevrede en klaar met die wêreld."

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 18, Nr 2, 1988. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

## Hoofstuk 3

Met die beleg van Ladysmith is volgehou. Daar was gedurig patrollies uit op verkenning en dit was wakker manne. Die vyand het op 'n keer 'n ernstige poging aangewend om uit te breek. Ek was tussen die burgers wat in die rante aan die Suidweste van Ladysmith verskans was en dit was juis die brandpunt van die Engelse se poging om uit te kom.



***Burgermaglede, die Burgemeester en Dorpswag tydens die beleg van Ladysmith***

Van oggend vroeg tot die middag so teen drie-uur se kant, het hulle die wêreld vir ons warm gemaak met veertien kanonne. Die probleem was dat ons met die kleingewere niks kon uitrig nie as ons nie naby genoeg kon kom nie. Naderhand het 'n klompie van ons burgers daarin geslaag om met 'n laagte af te sak en naby genoeg te kom. Na 'n kort rukkie het die Engelse die aanval gestaak.

'n Paar van ons burgers was gewond, waaronder ook ons veldkornet, Lammetjie Els. 'n Bomskerf het hom in die knie getref en hy het vir die res van sy lewe 'n stywe been gehad. Na die geveg moes ons na ons perde gaan soek, want die diere het skoon weggehardloop. Dit laat my ook aan 'n grappie dink: Tydens hierdie geveg moes die wêreld te warm geword het vir twee sekere broers en hulle het so stil-stil verdwyn. Toe alles verby was en ons al begin het om vleis te braai, het hulle eers weer teruggekom.

Jan Roodt het hulle 'n rukkie betrag en toe doenig geraak. Hy het kameeldoringbas, wat spierwit is, in twee netjiese poeiers gevou en daarop geskryf "POEIER TEEN DIE BANG". Hy het toe aan elke broer een gegee, maar hulle het dit net geneem en in die sak gesteek. So maklik wou Jan hulle nie laat wegkom nie en met 'n ernstige stem het hy hulle beveel om te lees wat daarop staan. Een van die broers het toe gekyk en gelees. Jan het 'n venynige kyk van hom gekry en geglimlag toe die verweer kom: "Jong, jy sal jou nog verneuk!" Maar daardie poeiers was net die regte medisyne, want ons het nooit weer so 'n swakheid gewaar nie.

Dit was min of meer teen hierdie tyd dat kommandant de Wet terugggeroep is en toe het kommandant Steenkamp van die Drakensberge gekom om die bevel oor te neem. Berigte het ons toe bereik dat 'n groot Engelse mag vanaf Durban in aantog was. Die beleg van Ladysmith is egter volgehou en die Transvalers was besig om hulle by Colenso in te grawe.

Na die slag van Colenso het die bevel gekom dat Spioenkop gevat moes word en ek was onder die burgers wat daarheen vertrek het. Toe ons begin skans bou by Spioenkop het kom-



***Die Slagveld tydens die Slag van Colenso 15 Desember 1899***

mandant Steenkamp verlof geneem. Baie van die burgers het toe al verlof gehad om vir 'n paar dae huis toe te gaan, maar ek en nog 'n klompie het verniet gaan vra, ons versoek is elke keer geweier. Teen hierdie tyd het mens ook al begin vergeet van verlof, want dit het baie duidelik geword dat elke weerbare burger op sy pos moes wees.


'n Deel van die Vrystaatse kommando wat saam met die Transvalers by Colenso was, is ook teruggeroep om by Spioenkop te kom help. Die Britse mag het aan die voet van die Maluti's gelê en het hulle eerste aanval geloods by Coventry se plaas, wat 'n bietjie hoër op aan die Tugelarivier geleë was. Hulle het waarlik hard probeer om deur te breek en mens kon nie anders as om die arme tommies jammer te kry nie, want wanneer die vuur van Boerekant vir hulle te kwaai geword het en hulle wou retireer, is hulle eie kanonne op hulle gesit. Daar het baie van hulle gesneuwel.

Die Boere het egter daarin geslaag om die aanval af te weer, maar toe was dit duidelik dat die vyand sy aandag op Spioenkop gevestig het. Ons het gou gesien dat ons skanse nie sterk genoeg was nie. Dit was bestand teen die kleingeweer en Armstrongkanon, maar die lid-dietbom was iets anders. Ons het toe onver-



***Pres T.F. Burgers***

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 18, Nr 2, 1988. http://scientiamilitaria.journals.ac.za




***Die Tugela Rivier, Colenso tydens die Tweede Vryheidsoorlog***

poosd deur die nagte gewerk en nuwe skanse gebou.

Van die Transvalers het ons 'n Maxim-Hordenveldt gekry en dit het vir ons baie beteken. Hierdie einste Maxim het die vyand duur te staan gekom, want hulle is letterlik daarmee afgemaai. Hoër op, na Skietdrif se kant toe, het die Transvalers wat later bygekom het, 'n paar kanonne gehad waarmee hulle baie goeie werk gedoen het.

Een ding staan soos 'n paal bo water: as ons oor dieselfde grofgeskut as die Britte beskik het, het die oorlog anders verloop. Hoeveel keer het dit nie gebeur dat ons moes terugtrek omdat die stryd tussen kleingeweer en kanon te ongelyk was. Daar was natuurlik die gevalle waar hulle eenvoudig moes swig voor ons kleingeweervuur, maar dit was uitsluitlik te danke aan uiterste dapperheid en waaghalsigheid aan Boerekant.

Een ding het darem in ons guns getel en dit was dat die Engelse nie 'n distansie goed kon skat nie; hulle het meestal bo-oor hul teiken geskiet. Maar dink net wat sou gebeur het as ons artilleriste, wat bekend was vir hulle akkuraatheid, dieselfde kanonne gehad het.

Die slag van Spioenkop het vir nege dae en nege nagte gewoed en dit het groot uithouvermoë van ons geverg. Om teen slaap te stry is nie so 'n maklike ding nie, maar ons het tog 'n plan gemaak. Ons was tien-tien burgers in 'n skans en het mekaar soms 'n bietjie afgelos as slaap ons oorval het.

Ons skanse was goed geleë – net agter die kop van die rant – en die vyand het meerendeel daaroor te kort geskiet. Later het hulle nader aan hulle skyf begin kom, wat vanselfsprekend was nadat hulle dag na dag op dieselfde plek moes skiet. Maar toe hulle eers die distansie reg ingestel het, was dit 'n ander storie. As daar 'n hoed bokant die skans wys, dan was die skoot daar.

Ons het later heeltemal bedrewe geraak in die kuns om vir 'n bom te koes. Dit was veral die geval met die Armstrong wat 'n helder blits gegee het wanneer dit afgevuur word. As die wag op die uitkyk skree: "Daar blits hy!" was ons almal in veiligheid teen die tyd dat hy ontplof. Dit het natuurlik baie vinnig gegaan.

Die bomme het nie almal ontplof nie. Eendag is daar een afgeskiet wat naby 'n fonteintjie grond gevat het en nie ontplof het nie. Van die burgers

het toe snags, as daar 'n kans was, begin grawe om dit uit te kry en het die bom op 'n diepte van vyftien voet gekry.

Kos het ons snags in die laer gaan haal en daar was geen gebrek aan nie. Voorrade het gedurig deurgekom tot op Dundee en daar was ook altyd pakkies wat die vrouens vir ons gestuur het. Ons het ook gereeld pos gekry.

Die luisplaag was iets ysliks. Waar so baie van hulle so gou vandaan gekom het, kan ek nie kleinkry nie. Dit was 'n regte pes. As daar 'n rustydjie tussenin gekom het, was hulle daar om die lewe vir jou te versuur. Selfs in die geveg kon daar nou en dan 'n burger gesien word wat eenkant toe staan om die goed bietjie minder te maak.

Tydens die geveg het daar elke dag 'n ballon bokant Ladysmith opgestyg. Dit het ons baie vies gemaak dat hulle uit die lug mooi kon kyk waar ons lê sonder dat ons daar iets aan kon doen. Daar is 'n paar skote met Long Tom na hom geskiet, maar die generaal het dit belet omdat hy nie vroue en kinders wou laat seerkry nie.



***'n Krupp Houwitzer van die ZA Staatsartillerie, soos tydens die geveg van Spioenkop deur lede van die ZA Staatsartillerie beman is***

Met die aanvang van die slag het die kaffers die omliggende statjies net so verlaat. Ook die mense wat agter die kop gewoon het, moes padgee omdat die bomme daar na willekeur gebars het. Later moes ons laer ook verskuif word en toe was dit nie meer so maklik om snags kos in die hande te kry nie, want die geveg het steeds in felheid toegeneem.

Dis tog snaaks hoe 'n mens soms kan aandring om na die plek van jou dood te gaan. Nicolaas Mentz, dorpskommandant van Heilbron, het vir hom geen rus gegun op Spioenskop nie; hy wou by Coventry se plaas gaan veg, waar dit nie minder gevaarlik was nie. Op die ou ent is hy ook weg daarheen net om byna onmiddellik te sneuwel.

Daar was ook 'n sekere Pieterse van Vredefort, wat die gewoonte gehad het om uit die skans te klim en dan oop en bloot op die vyand te vuur. Hy is herhaaldelik gewaarsku, maar het volgehou dat hy nie anders op die Engelse kon skiet nie. Die uiteinde van die saak was dat 'n skrapnel vlak voor hom gebars het en hom aan stukke geruk het. Nog 'n man wat rusteloos voorgekom het, was 'n Scheepers van Heilbron. Hy wou beslis oor die hoogte klim, deur die laagte gaan en teen Spioenkop self uitklim. Hy het dit ook later probeer doen en is natuurlik doodgeskiet lank voor hy sy bestemming kon bereik.

Gideon van Vuuren, 'n man wat ek baie goed geken het, het weer heeltemal op sy eie geveg. Hy het verkies om elke oggend genoeg kos en ammunisie te neem, oor die hoogte te klim en laer teen die rant posisie in te neem. Later het hy 'n maat bygekry en die twee het die ses Engelse kanonne so bestook dat dit later versit moes word. (Hier was nou weer 'n geval waar die kanon magteloos teen die kleingeweer was.) Maar anders as wat met die rusteloses gebeur het, het Gideon en sy maat ongedeerd daarvan afgekom. Na die slag het ons na die twee se sitplek gaan kyk en het daar 'n hoop patroondoppe gekry wat getuig het van die twee se onvermoeide skietery.

Maar om tot die geveg self terug te keer, die vyand kon nie bedags vordering maak teen Spioenkop uit nie. Sodra hulle begin klim het, het ons die Maxim op hulle gesit en die plek skoon geskiet. Naderhand het hulle probeer om onder dekking van die donker die kop te bestyg. Dit het die nagtelike bedrywighede baie verskerp en daar was baie min kans om 'n bietjie te slaap. Met hierdie poging het die vyand hardnekkig volgehou totdat hulle die negende nag teen ongeveer twaalfuur daarin geslaag het om die toppunt van die kop te bereik.

Daar was toe 'n geskree van "hip, hip, hurray!" Maar die wind was nog glad nie uit ons seile nie; met daglig sou ons hulle weer daar afhaal. Gedurende dieselfde nag het die burgers wat teen die anderkantste hang van die kop was, begin wonder oor die eienaardige stilte wat bo-op die kop ingetree het. Ondersoek is toe ingestel en daar is gevind dat die vyand die kop weer net so verlaat het.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 18, Nr 2, 1988. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



*'n Boerekommando te Spioenkop in die jaar 1900*

Dit was moeilik om te begryp waarom generaal Buller soveel van sy troepe ingeboet het, ons het hope van hulle doodgeskiet, net om die doelwit dadelik weer af te gee. Hulle moes seker die onmoontlikheid besef het om die kop in daglig te behou, met die goed verskanste Boere so naby.

Die volgende dag het die Engelse generaal vir drie dae wapenstilstand gevra om die dooies te begrawe. Die toestand om en op die kop was haglik. Die Boerewagte wat daar geplaas was, kon dit byna nie uithou vanweë die aaklige reuk nie. Toe die wapenstilstand gereël was, het die Boere en Engelse deurmekaar op die kop beweeg. Dit was vir my aaklig om soveel dooies en gewondes te sien. En die gekerm van die gewondes met die kenmerkende groot dors, was hartroerend.

Ons het dadelik begin help om water aan die gewondes te gee. Ons het ook gehelp om hulle af te dra na die ambulanse en toe hulle begin om die dooies te begrawe, het ons ook ingespring. Ek het gemerk dat hulle besonder halsoorkop was met die begrawery; drie dae was darem tyd genoeg om ordentlike werk te doen, maar die lyke is inderhaas in die vlak loopgrawe gesleep en met so min grond bedek dat bene en arms nog uitgesteek het.

Vir ons eie dooies het ons 'n groot graf gegrawe waarin die sowat sestig man saam begrawe kon word. 'n Jong burger wat met die graf gehelp het, sou ook in dieselfde graf gaan rus. Die man het 'n gesneuwelde tommie sien lê met sy geweer nog in sy hande. Onbewus daarvan dat die dooie man met sy vinger aan die sneller lê, het hy die geweer aan die loop gevat om dit uit te trek. Die skoot het afgegaan en hom dodelik in die maag getref. Ons het baie sleg gevoel oor die voorval. 'n Dooie tommie het die lewe van 'n fris jong Boer geneem.

So teen die middel van die eerste dag, het ons gemerk dat al die Engelse ambulanse weg was, maar het dit nog nie as verdag beskou nie aangesien gewondes nog vervoer moes word. Later toe die tommies wat tussen ons gewerk het, ook soos groot spelde verdwyn, het ons onraad bespeur. Dit het ook nie lank geduur nie of die Engelse plant 'n bom bo-op die kop tussen ons en dit op die eerste dag van 'n driedaagse wapenstilstand! Gelukkig is daar niemand van ons beseer nie, maar van hulle dooies is in stukke geruk. Snaaks genoeg het hulle net die een skoot gevuur, maar ons was oortuig daarvan dat die tommies hiervan geweet het; vandaar hulle onnodige haas om klaar te kry en weg te kom.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 18, Nr 2, 1988. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Daardie middag het ds Du Toit die rede gehou by die gesamentlike graf. Scheepers wat daarop aangedring het om teen Spioenkop uit te klim is ook daarin begrawe. 'n Sekere Minnaar van Heilbron, was ook onder die dooies, maar hy was nie 'n gesneuwelde nie. Hy het onnodig aan sy einde gekom. Van die artilleriste het die gewoonte gehad om die bomme wat nie ontplof nie, uit te grawe en dit dan leeg te blaas. Hierdie leegblasery het 'n aanskoulike rookwolk afgegee en daar was altyd 'n klompie burgers by om te kyk. Kommandant Steenkamp en andere het al gewaarsku teen die gevaarlike speletjie, maar dit het maar aangegaan. Daardie oggend het Minnaar van die kop afgekom waar hy wag gestaan het en ek onthou nog goed dat hy vetkoek gebak het vir ontbyt. Na hy klaar geëet het, het hy sy broekspype opgerol, want dit was baie nat, en aangestryk na waar 'n klompie burgers weer bymekaar gekom het om 'n bom te sien leegblaas.

Instede van die gewone rookwolk, was daar 'n geweldige ontploffing. Ons het daarheen gehardloop en sewe beseerde manne sien lê, waaronder ook Minnaar. Toe ek hom omdraai was dit verskriklik. Sy rug was oopgeruk sodat ek sy longe kon sien roer, en dit was duidelik dat hy 'n noodlottige geval was. Die kommandant was baie kwaad en het sommer met die vuis onder die artilleriste ingespring.

**VERWYSINGS**

1. C.J. Nöthling, J.A. Visser, ea, *Ultima Ratio Regum*, "Artillerie tydens die Tweede Vryheidsoorlog", (Hoofstuk 5, geskrywe deur mej L. Jooste en maj R. von Moltke), p 67. Die liddietbomme is deur die Boere met taamlike ontsag bejeën, as gevolg van die vernietigende effek daarvan. Dit het ook gasse afgegee wat die slymvlies in die neus aangetas en die omgewing en enige persoon in die nabyheid van die ontploffing met 'n geelgroen laag bedek het.
2. C.J. de Jongh en J. Ploeger, "Verslae van neutrale Militêre Waarnemers tydens die Anglo-Boereoorlog, "*Militaria* 4/1" (1973), pp 12–13. Hier word die Maxim-Nordenfeldt (oftewel die Pom-pom, deur die Boere ook die Katlagter genoem) as 'n snelvuurkanon wat 50 granate van ¾ kg elke minuut op afstande van ruim 3 500 meter geskiet het, genoem. Dit was aanmerklik ligter as die gewone veldkanon en het twee soorte projektiele gebruik nl granaatkartetse met 'n skokbuis en granaatkartetse met 'n harde staalplaat. Hierdie wapen, met sy granate wat met 'n harde knal vinnig na mekaar bars en grond, klippe en granaatskerwe saai, het 'n demoraliserende effek op die vyand gehad en verwoesting gesaai onder versamelings troepe en bewegende berede afdelings. Die Engelse soldate het daardie kanon "the death bell" genoem.
3. J.H. Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899–1902*, Deel III, "Die Stryd in Natal Jan–Feb 1900", Staatsdrukker, Pretoria, 1973, p 231. Volgens Breytenbach het die slag van Spioenkop deur die Boeremag op 25 Januarie 1900 plaasgevind. Indien albei dae ingereken word, was dit 10 dae. (Griesel sê dit het 9 dae geduur wat na genoeg is.)
4. J.H. Breytenbach, *Die Tweede Vryheidsoorlog*, Deel II, "Ontplooiing van die Boere-offensief Oktober 1899", Nasionale Pers Kaapstad, 1949, p 289. Breytenbach vertel hoe die Boerestellings vanuit 'n lugballon met sterk verkykers bespied is terwyl Griesel dit meld dat daar daagliks 'n ballon bokant Ladysmith opgestyg het om die posisie van die boerestellings te bepaal.

## Hoofstuk 4

By Coventry se plaas was daar soveel gesneuwelde tommies dat hulle nie eers aan begrawe gedink het nie. Die lyke is op hope byeengebring, seile oorgetrek en aan die brand gesteek. Of hulle een of ander brandstof oor die lyke gegooi het, weet ek nie, maar die lyke het in elk geval nie behoorlik verbrand nie.

Na alles afgeloop was, het ek en Jan Roodt daarlangs gery en toe het daar nog oral twee, drie tot vyf lyke rondgelê wat net so agtergelaat was. Dit was 'n afstootlike gesig, maar vir ons burgers 'n tasbare bewys dat ons meer as opgewasse was vir die stryd, ten spyte van ons agterstand wat grofgeskut betref.

Na die slag van Spioenkop het die Britse mag teruggetrek en weer aan die voet van die Maluti's laer opgeslaan. Lank het hulle egter nie stilgelê nie of hulle probeer om by Skietdrif oor die Tugelarivier te kom. Die Transvalers was reg vir hulle en die eerste brug wat hulle oor die Tugela wou slaan, is weggeskiet. Die vyand het toe weer begin terugtrek en dit was duidelik dat hulle die aftog geblaas het.



*Genl Louis Botha*

Generaal L. Botha en talle van die burgers was gretig om die vyand agterna te sit. Buller se magte was uitgedun en dit sou vir ons geen kuns gewees het om hom die genadeslag toe te dien nie, as daar net vinnig gehandel kon word. Generaal Joubert was nie daarvoor te vinde nie. Hulle het dus ongestoord teruggetrek tot anderkant Estcourt, waar die mag geruime tyd stilgelê het in afwagting op versterkings uit Engeland.

Intussen was Ladysmith nog steeds deur ons beleër, maar dit was betreklik rustig. Daar is natuurlik gereeld patrollies uitgestuur en elke nag het veertig man op Spioenkop wag gestaan, maar verder het ons die kosbare tyd verwyl met jukskei gooi, toutrek, ensovoorts. Vir ons perde en trekvee was daar volop weiveld en ons het lekker vet vleis geëet. Ons het 'n reël gehad dat dié wat slag, die ribbetjies kon kry en daar was nooit 'n tekort aan slagters nie.

Die stilleery was tog irriterend. Ons het byna oormoedig begin voel na die kragmeting met die vyand en die verloop daarvan. Ons het daarna uitgesien om weer tot aksie oor te gaan. Die geselskap in die laer het dan ook hoofsaaklik gegaan oor hoe ons die vyand op sy baadjie sou gee wanneer ons weer slaags sou raak.

'n Indiër, wat uit Ladysmith weggeloop en by ons laer aangekom het, het op 'n vraag geantwoord dat daar nie meer kos in Ladysmith was nie. Hy het self maar maer en asvaal gelyk en dit kon dus die waarheid gewees het wat hy gepraat het.

Die gedagte dat Ladysmith eerlank in ons hande sou wees, het al hoe meer posgevat en onder ons burgers was dit 'n uitgemaakte saak dat ons die Engelse gaan vasvat sodra die bevel kom. Ons het toe genoeg van die Engelse se oorlogstaktiek geweet om hulle met vertroue te lyf te gaan en het ongeduldig gewag.

Die Indiër het as kok diens gedoen vir kommandant Steenkamp en later toe ons Natal verlaat het, is hy saam. So was ons uitgerus, uitgeëet en reg vir enige gebeurlikheid toe die onverwagte ontnugtering gekom het: Die laer-kommandant het skielik opdrag gegee dat al die waens gesmeer moes word en dat dit met sononder klaar ingespan moes wees. Ons kon geen verdere inligting kry nie, maar wis dadelik dat dinge nie pluis was nie.

In die harwar wat daar ontstaan het, het ons soeklig onklaar geraak, ek meen sy wiel het uitgeval, maar dit het so oorhaastig gegaan dat dit net so in die steek gelaat moes word en dit het toe vir ons duidelik geword dat dit vir 'n vlugtery was. Die volgende oggend toe dit lig word, was ons bo-op die Drakensberge en toe die brandwagte inkom het hulle berig dat dit letterlik wemel van die Engelse tot aan die voet van die berge.

Daar was groot teleurstelling dat die Natalse veldtog op so 'n manier beëindig moes word. Ons het dit so anders verwag en was ook oortuig dat dit so anders kon gewees het as die terugtrekking van die Britse mag by Spioenkop gou agtervolg was. Na ons mening sou so 'n optrede dit selfs moontlik gemaak het om Durban te bereik en dan sou daar seker 'n ander storie gewees het. Maar dit was nou gestorte melk en ons het maar weer kamp opgeslaan bo-op die berg.

'n Klompie van ons wat gedurende die afgelope maande in Natal nooit verlof kon kry om 'n bietjie huis toe te gaan nie, het nou weer gaan vra. Ons sou in elk geval gaan of die verlof toegestaan word of nie, want ons het omgekrap gevoel. Die verlof is egter toegestaan en so is onaangenaamheid vermy.

Tuis het ek almal in goeie gesondheid gekry en ek kon met 'n geruste hart teruggaan. Lank het ons nie by die huis vertoef nie. Ons wou maar net met eie oë sien dat alles nog wel was. Ek het vir Grogh, my ryperd, wat ek toe vir vyf maande onder saal gehad het, by die huis laat staan, en vir Prins, die perd waarvoor ek so jammer was, geneem.

Terug by die berge was dit maar stillê. Dit het naderhand so vervelig geraak het dat die burgers begin het om velle haaraf te maak en rieme te brei. Daar kon jy darem spanne rieme en stroppe sien wat met een woord spoggerig was. My rieme en stroppe het ek later by my skoonvader gaan bêre, maar dis alles deur die Engelse verbrand.

In die klowe was die pragtigste hout. Kersregop bome in enige dikte wat mens maar kon verlang. Daar het ek vir my 'n mooi sterk leer gemaak wat my seker vir 'n leeftyd kon gedien het, as ek dit net kon behou het.

Terwyl ons nog so rieme gebrei en gewerskaf het in die klowe, het die berig gekom dat Cronje oorgegee het en die burgers was opnuut geskok. Die vlug uit Natal was nog nie behoorlik oorkom nie en toe alweer dié tyding. Dit was in

elk geval die einde van die stilleêry. Verlof is toe aan die burgers toegestaan om vir agt dae huis toe te gaan en gereed te maak om na die Kaapkolonie te trek.

Daar is toe in aller yl opgepak om te vertrek, maar vir my het daar 'n gevoelige teenspoed gewag. Prins, my goeie ou ped het op die berg al siek geword en ek het maar stadig met hom aangesukkel, want ek sou hom al te graag by die huis wou kry. Maar by Harrismith het ek gesien dat ek hom net moor. Ek het daar by 'n plaas aangegaan en gevra om hom daar te laat staan. Die boer, wie se van ek ongelukkig vergeet het, was baie vriendelik en het my 'n kampie gewys waarin hooimiedens en water was. Toe ek my troue dier losmaak en by die hek uitgaan, het hy sy kop opgetel en gerunnik . . . Ek is vandag oud en afgeleef, maar daardie laaste runnik van Prins sal ek nooit vergeet nie. Ek wonder vandag nog soms of hy toe daar dood is en of hy miskien gesond geword het en sy einde dalk in 'n nog vreemder oord gevind het.

**VERWYSINGS**

1. J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899–1902*, Deel III, "Die Stryd in Natal Jan–Feb 1900" Staatsdrukker, Pretoria, 1973, p 258. Breytenbach sê dat na die slag van Spioenkop en nadat genl Botha vertrek het, het genl Burger die bevel oorgeneem. Kmdt C. Nel van die Kommando Kroonstad asook hoofkommandant M. Prinsloo, die Vrystaatse opperbevelhebber in Natal was ten gunste om oor die Tugela te trek en Buller te agtervolg. Genl Burger het na hy die slagveld by Spioenkop besigtig het, saamgestem maar het as volg geantwoord: "nu zijn onze burgers uit elkaar en afgemat zoodat daar niet aan te denk is".

## Hoofstuk 5

Die tuiskoms was aangenaam. Daar was nog niks verwoes nie en die flukse boervrouens het daarvoor gesorg dat die boerderye ongestoord voortgegaan het. Ons het egter nie die kans gehad om die agt dae voluit by die huis te bly nie. Na net 'n paar dae, ek meen dit was vier dae, het die berig gekom dat Lord Roberts aan die opruk was met 'n groot oormag en dat Brandfort se wêreld al vol van die vyand was. Generaal de Wet wou dadelik gereed maak om weerstand te bied.

Ds Roux is toe aangestel as generaal en daar is besluit dat generaals de Wet en Roux met die Vrystaters in die rigting van Frankfort moes trek. Net 'n entjie van Heilbron af was daar toe ook 'n skermutseling met die vyand wat van Lindley af op pad was na Heilbron. Ons moes egter terugtrek, want die oormag was te groot en ons het getrek tot by die rante by Frankfort.

Onder ons burgers was daar bedenkinge, want ons het besef dat ons in getalle by verre deur die Engelse oortref word. Van terugstaan was daar nie sprake nie. Nou moes die stryd tot die dood toe gestry word.

Daar in die rante by Frankfort het ons 'n rukkie stilgelê en dis waar die Spioenkorps, onder leiding van kaptein Scheepers, gestig is.

Elke lid is toe voorsien van 'n goeie ryperd en ek het gou vir Grogh, wat ek weer moes neem nadat ek vir Prins moes agterlaat, huis toe gebring.

Na 'n rukkie het ons saam met kaptein Scheepers by 'n winkel in Lindley gekom en daar het ons 'n klomp swart hoede raakgeloop. Kaptein Scheepers het dadelik besluit dat sy korps swart hoede sou dra met wit hoedebande. Die hoede is ook aan die eenkant opgeslaan met 'n volstruisveer daarby.

Daar by Frankfort is toe besluit dat generaal Roux en kommandante Froneman en Fourie, met 'n deel van die burgers na Bethlehem se kant sou trek. Generaal de Wet het met ons ander begin nader trek na die hoofspoorlyn in die rigting van Rooiwalstasie. Alles is in werking gestel om te verhoed dat die vyand sou agterkom van hierdie trek. Daar is net in die nag getrek en kaptein Scheepers se korps het die wêreld deeglik vooruit verken. Die tweede dag het van ons spioene 'n klomp Engelse gewaar wat van Koppies af na Heilbron trek. Hulle is goed dopgehou totdat hulle die aand met sononder gekamp het vir die nag.

Terloops wil ek net sê dat dit die gewoonte van die Engelse was om met sononder alles te staak en kamp op te slaan. Vir ons Boere was dit weer die aangewese tyd om dinge te verrig. In elk geval, toe ons gesien het waar hulle gekamp het, het ons geweet dat hulle vir die nag daar sou bly. Generaal de Wet het opdrag gegee dat ons in die nag rondom die plek moes trek en dit is met gemak uitgevoer. Die volgende oggend toe dit lig word, het die generaal 'n rapport gestuur na die Engelse kamp: "Oorgee of veg."

Hulle het sonder slag of stoot oorgegee, want aan alle kante was daar Boere sigbaar. Ek sou darem graag wou weet wat daar alles daardie oggend in die Engelse kamp gesê is, want een ding was seker: Hulle was die vorige aand salig onbewus van ons teenwoordigheid.

Met die oorgee was hulle doodmak, behalwe één tommie wat te veel staat gemaak het op sy perd. Hy het probeer om uit te jaag, maar twee van ons burgers het hom gou ingehaal en teruggebring. Die gevangenes, hulle was omtrent so 'n honderd en vyftig, is toe aangestuur na Witzieshoek, waar ons destyds 'n krygsgevangenekamp gehad het. 'n Wa met voedselvoorrade is saamgestuur, sodat hulle goed versorg was.

Ons het daar 'n aansienlike buit aan ammunisie gemaak en dit het ons goed te pas gekom. Daar was ook baie klinkers, blikke konfyt en Bully Beef, maar destyds was dit nog nie vir ons iets besonders nie, want kos was nog volop.

Dit was verblydend dat die gees onder die burgers toe vinnig verbeter het. Die vlug uit Natal het baie nadelig op die moraal van die burgers ingewerk en daar was mense wat eenvoudig weggedraai het en by hulle huise gaan sit het. Toe generaal de Wet ons weer in aksie begin bring, het baie van hulle een na die ander weer teruggekom; 'n bewys dat dit lank nie almal lafaards was wat uitgedraai het nie. Dit was meer mense wat teleurgesteld en gefrustreerd gevoel het.

Vanaf Vaalkrans, waar ons die Engelse gevang het, het kaptein Scheepers sy spioene weer verder vooruit gestuur en Jan Taljaard, ek en Piet Uys, is in die rigting van die destydse Vredefort weg gestuur.

Ons het net 'n entjie gery toe gewaar ek en Jan 'n kafferstroois en skielik kom die gedagte aan heerlike gekookte eiers by ons op. Dit was iets wat ons baie lanklaas geëet het. Ons het haastig 'n draai by die strooïs gemaak, vir die meid 'n dosyn eiers gevra om te koop en haar ook aangesê om dit gou te kook. Sy het taamlik bang gelyk maar in 'n kits het sy 'n dosyn eiers op die vuur gehad. Toe dit klaar was, het ons dit sommer in ons baadjiesakke gesit en in die ry begin skoonmaak om te eet. Maar wat 'n teleurstelling! Dit was kuiken op kuiken. Êrens het 'n arme hen op 'n leë nes gesit en broei.

Vanaf Vaalkrans het ons getrek na die plaas Walfontein, wat in 'n laagte geleë was, en dit sou dan ook die laaste dag wees dat ons versteek sou bly. Daar is besluit om die hoofspoorlyn aan te val vanaf Heuningspruit tot by Vredefortweg.

Al die plekke soos Heuningspruit, Serfontein, Rooiwal en Vredefortweg is betreklik maklik ingeneem, maar by Koppies, by die brug oor die Renosterrivier, was daar 'n hewige botsing. Die Engelse kamp was net oorkant die spoorlyn geleë en toe dit donker word het ons aangeval. Omdat hulle niks van ons af geweet het nie, het ons maklik oor die spoorlyn gekom en toe hulle gewaar klim ons al teen die rant uit waar hulle verskans was. Dit het 'n hewige geveg laat ontketen, maar toe dit die volgende oggend lig word, het hulle oorgegee.

Die vyand het 'n swaar verlies gely en ons het hulle dadelik aan die gang gesit om die lyke te begrawe. Terwyl hulle daarmee besig was, het ons die ontdekking gemaak dat een van ons burgers 'n sekere Myburgh, ook gesneuwel het. Hy het die skoot van agteraf gehad en dit was duidelik dat hy op die voorpunt was en in die donker vir die vyand aangesien was. Dit was ons enigste verlies en ons was baie jammer dat hy op so 'n wyse aan sy einde moes kom.

Hier het ons ook 'n goeie buit aan ammunisie en gewere gemaak en die moraal van die burgers het steeds gestyg.

Tyd om 'n bietjie daar te vertoef was daar egter nie, want Britse magte was in aantog vanaf Transvaal. Die gevangenes, daar was sowat vierhonderd, het ons saamgeneem na Rooiwal en op kommandant Meyer se plaas laer getrek.

Dieselfde nag het die Hollanders 'n trein op Rooiwalstasie ontspoor waarop daar 'n ontsaglike hoeveelheid voorraad was. Al die burgers is toe ontbied om hulle te kom voorsien van wat nodig was en dit was vir jou 'n fees. Daar was groot voorrade warm onderklere, bo-klere, ingelegte blikkies kos, tamaryntwak, sigare en Flag sigarette. Ag, daar was te veel om alles op te noem maar wat veral by ons byval gevind het, was die blikkies groente. Ons het nie gebrek aan kos gehad nie, maar wel aan 'n verskeidenheid. Ons etes het hoofsaaklik bestaan uit vleis, pap en brood.

Sommige van die burgers het hulle pakperde so swaar gelaai dat hulle later van die kosbare buite moes weggooi om vinnig genoeg oor die weg te kom. Wat indrukwekkend was, was die groot hoeveelhede ammunisie wat daar gebuit

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 18, Nr 2, 1988. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

is. Of dit waar is, kan ek nie met sekerheid sê nie, maar aan my is vertel dat 'n paar wavragte ammunisie langs die Renosterrivier begrawe is.

Nadat die burgers geneem het wat hulle benodig het, of liewer wat hulle kon wegkry, is die res op 'n hoop gepak, en daar was baie groot bomme by soos ons tevore nog nie gesien het nie, en toe is dit aan die brand gesteek. Dit was 'n geweldige ontploffing toe die groot bomme begin bars en die gevange tommies, wat nie bewus was van wat aangegaan het nie, het hulle skoon deur die wind geskrik en sommer die veld ingehardloop. Hulle was so verskrik dat ons dreigemente met die geweer nie eers 'n uitwerking op hulle gehad het nie en dit het nogal tyd geneem voordat hulle bedaar en bymekaar gemaak kon word.

Van die stasie self het daar na die ontploffing weinig oorgebly. Dit was net stukke sinkplate, klere en stukke bomme. Die volgende oggend so teen nege-uur se kant, het sake weer anders begin lyk toe gepantserde treine begin aankom het met troepe en nogmaals troepe.

Die tyd dat ons moes padgee het aangebreek en dit moes haastig geskied. Ons het nog daarin geslaag om eers gou te slag en elke burger het sommer 'n stuk vleis aan sy saal vasgemaak. Ons het nie baie ver padgegee nie en die bewegings van die vyand is fyn dopgehou, want dit was noodsaakliker as ooit tevore dat ons op ons vernuf moes staatmaak.

Daar naby was 'n koppie met 'n paar strooise wat in die omtrek bekend gestaan het as ou Jonas se Strooise. Veldkornet Andries van Zyl het opdrag gekry om dié koppie te bestorm met honderd-en-vyftig man. Hoe dit gekom het dat ons die Engelse nie gewaar het nie, weet ek tot vandag toe nie, maar toe ons die koppie stormjaag, het hulle dieselfde gedoen van die anderkant af. Met die jaag na ons doelwit, moes van die burgers die ding agtergekom het want net veertien van ons het bo-op die koppie uitgekom, gelyktydig met die vyand. Dit was vir jou 'n ontnugtering en daar was nie kans om te veg nie, want ons was hopeloos in die minderheid.

Die Engelse het dadelik hulle kort Leemetfords uitgepluk en op ons begin skiet, terwyl ons niks anders kon doen nie as om die perde om te pluk en terug te jaag nie. Voor ons het 'n lang, kaal vlakte gelê wat ons moes oorsteek voordat ons die spruitjie kon bereik wat enigsins skuiling sou bied. Ons het sonder 'n skraap daarvan afgekom. Ek verbaas my vandag nog hoe die tommies so swak kon skiet, want ons was al die tyd 'n oop teiken vir hulle en hulle het boonop nog 'n Maxim op ons gerig gehad.

Maar so onder die wegjaag het ek darem ook lekker gelag. Jan Venter het 'n boud vleis aan sy saal vasgemaak en met die gejaag moes die lyntjie om riempie waarmee hy die vleis vasgemaak het, skiet gegee het. Die boud vleis het soos dit die grond telkens raak begin om op en af te slaan tot groot ergernis van die man. So in die jaag het hy knipmes uitgehaal, dit met sy tande oopgemaak en die vleis probeer lossny. Toe hy eindelik die lyntjie raak sny, moes die stuk vleis weer in 'n opwaartse vaart gewees het, want dit het reg in die lug getrek. Ek was skuins agter hom en het netjies onder die boud deurgejaag.

Toe ons die bedding van die spruitjie bereik, het ons dadelik afgespring en die vyand gepeper met ons gewere se visiere op vyftienhonderd treë gestel. Of ons van hulle getref het, weet ek nie, maar ons het beter gevoel nadat ons op hulle geskiet het. Ons was 'n kort rukkie in die spruitjie of Bêrend Myburg kom daar aan met 'n rapport. Veldkornet Van Zyl het ons toe beveel om een-een uit te jaag na ons laer toe.

Een vir een wat uitgespring het, het onder die Maxim of katlagter, soos ons hom genoem het, deurgeloop, maar sonder enige gevolge. Naderhand was dit nog net die Veldkornet en ek. Hy kyk toe na my en sê: "Nou is dit jou beurt." Ek het aangebied om vir die laaste te bly, maar dit wou hy nie toelaat nie en ons twee het saam uitgejaag. So was ons na 'n betreklik kort rukkie weer almal terug in die kamp sonder dat een 'n letsel opgedoen het.

Andries Venter was wel 'n bietjie gekneus, maar dit het niks met ons ontkoming te doen gehad nie. Hy was 'n kêrel van by die sewe voet en met die uitjaag het sy perd in 'n gat getrap. Dit was natuurlik 'n geweldige val, maar die grap van die ding was dat sy geweer, wat hy oor sy skouers gehad het, in die grond vasgesteek het en met sy swaar gewig het hy die loop krom gebuig. Die gevaar waaruit ons so pas ontspan het, is dadelik vergeet en Andries moes dit op allerhande maniere ontgeld. Hy moes ook hoor hoe 'n gelukkige man hy was want nou kon hy met die gebuigde loop die Engelse sommer aan weerskante van hom skiet. Andries was maar kort van draad en dit was juis 'n aansporing vir die burgers, maar gelukkig was gewere toe volop en het hy gou 'n nuwe gehad.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 18, Nr 2, 1988. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Terwyl die heen en weer gery aan die gang was, het die laer begin trek na Witrand en daar het ons die nag geslaap. Die volgende nag het ons by Leeuspruit oor die spoorlyn gegaan. Maar voor ons dit bereik het, is daar halt geroep sodat 'n paar burgers eers vooruit kon gaan om die drade te knip.

Baie van ons wou graag 'n slapie inkry in die tydjie wat daar gewag moes word. Ek het naby generaal de Wet gesit toe hy op sy sy gaan lê met sy kop op sy hand gestut. Hy het skaars gelê toe kon ek aan sy swaar asemhaling hoor dat hy slaap. Ek weet nie of dit tien minute was nie, toe lig hy sy kop en sê: "So, nou is ek uitgeslaap." Dit het natuurlik ook die einde beteken van al die burgers se pogings om 'n uiltjie te knip.

**VERWYSINGS**

1. Klinkers: 'n Soort harde beskuit of koekie, by militêre, op skepe, ens. in gebruik.